## VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

**Sondag:** Johan Coetzee, Kays Louws.
**Maandag**: Owen Cockcroft, Desiré Fouché, Loumar Grobler, Cecile Holtzhausen, Gustav Potgieter, Veronica van Heerden.
**Dinsdag:** John Adams, Willem Malan, Stefan Rossouw.
**Woensdag:** Fiona Bredenkamp, Sonia Grobler, Eileen Jurgens, Annemie Morkel, Stienie Vorster.
**Donderdag:** Niklas van der Merwe.
**Vrydag:** Benjamin Bosch, Stephanie Schreuder, Juandre Terblanche, Johan Zaayman.
**Saterdag:** Hermien Dreyer, Franco Evert, Philip Marais, Dominique Piek, Wentzel van Zyl.




## NKOSI- SUPERBAR

*'n Volledige, gebalanseerde maaltyd in 'n stafie*

- Ideaal vir 'n behoeftige by die verkeerslig te gee. **BESKIKBAAR BY DIE KERKKANTOOR @ R10 elk**

## GREEN ECO FIRE - R30 - beskikbaar by kerkkantoor

- Bevat geen petroleumprodukte nie
- Aangevuur deur skoon brandende plantaardige olies
- Skoon hantering
- Brand lank
- Geen sterk reuk
- Breek maklik in segmente
- Vervaardig in Suid-Afrika

deur een van ons gemeentelede





Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. <u>B</u>ankoffer vir dankoffer tydens erediens <u>D</u>ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

# FAMILIENUUS

**SONDAG 7 JULIE 2024**

## WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS



<u>09:00</u>: HENNIE FOUCHÉ
<u>SKRIFLESING</u>: 2 SAMUEL 5:1 - 10
<u>TEMA</u>: 'N NUWE REGERING .... EN DIE KERK

Kom drink gerus tee na die diens en kuier met mekaar.

**Vandag se deuroffer: Studentebearbeiding**

Studentebearbeiding fokus op die ondersteuning van studente in Stellenbosch, Tygerberg en Wellington, asook die skoolverlater kampe *(re#imagine Matriekfees)* te Heroldsbaai en Noordhoek.
Navorsing word gedoen oor die veranderende aard van bediening aan studente en jong volwassenes, om die bediening aan te pas en te verbeter.
Bediening aan studente is vir die kerk van die uiterste belang, want dit is 'n belegging in die geestelike vorming van môre se leiers.
Lees ook meer by www.kerkvandietoekoms.co.za.

**Volgende week se deuroffer: Zimbabwe, Malawi, Mosambiek**

*"Sy dade is vol majesteit en luister,*
*Sy trou staan vir altyd vas."*
***- Psalm 111:3***

**<u>Leraars:</u>** Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
**<u>Kerkkantoor</u>: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130** Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
**<u>Telefoon</u>:** 021 852 5004 **<u>E-pos:</u>** admin@nghottentotsholland.co.za
**<u>Bankbesonderhede</u>:** NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
**<u>Direkte Erediens-uitsendings:</u>** **<u>https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/</u>**
**<u>YouTube adres:</u>** https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA

## Musiek– en Kuier-oggend   24 Julie 2024

Almal wat gedurende die dag beskikbaar is, word uitgenooi na hierdie geleentheid op Woensdag 24 Julie, om 10:00 in die familiekamer.  Ons gaan luister na ***Janine Williams*** wat vir ons gaan musiek maak en nog een of twee verrassings. As jy kans sien om daardie oggend 'n bordjie eetgoed saam te bring, kan jy die kerkkantoor laat weet, of jou naam op die lys in die voorportaal skryf.



## Bybelstudie in die Familiekamer op Woensdae

Ons vergader op **Woensdae, 08:45 - 09:45 in die familiekamer** en is tans besig met die Jakobus-brief.

Dit is die begin van 'n  nuwe kwartaal en tyd vir 'n nuwe begin. Miskien is dit juis nou die geleentheid om by hierdie byeenkomste aan te sluit.  Doen dit eers net vir die kwartaal. Ons sien uit daarna om jou as deel van hierdie groep te ontvang.

**Op Woensdag 10 Julie 2024 lees ons Jakobus 5.**

**Jou hulp om die uitsendings van ons Eredienste op Sondagoggende by die Aftreeoorde te hanteer** sal so baie waardeer word.

Ons eredienste word na drie aftreeoorde uitgesaai.  Na elkeen van die oorde moet iemand gaan (dus drie mense elke Sondag) om die uitsending aan te skakel.  Dit is nie veel anders as om die diens by jou huis op die TV of rekenaar te kyk nie.  Jy sal ook die eerste paar keer saam met iemand kan gaan, wat jou dan vertroud sal maak met die verskillende oorde en die manier van doen op elke plek.  Ons sal graag meer mense wil hê wat met hierdie taak help, sodat elkeen nie so gereeld hoef te gaa nie.
Kontak asseblief die kerkkantoor as jy kans sien om te help, of as jy net meer wil uitvind, of dalk net eers wil gaan kyk hoe dit werk.




Indien jy belangstel om hierdie kursus later vanjaar (datum sal volgende week bevestig word) in ons gemeente by te woon, of net wil hoor waaroor dit gaan, kom luister gerus op op **Vrydag 12 Julie**, 10:30 wanneer Reneé van Wyk self meer hieroor vertel.  Bring jou vriende saam. Jy gaan nie spyt wees nie.